

ANB NUUSBRIEF

Oktober 2010

Amptelike spreekbuis van die Afrikaner Nasionalistiese Beweging

Nommer 34

ANB VIER HELDEDAG



Die Akasia-tak van die ANB het vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar 'n puik Helderdaagfees in Pretoria gereël.

Die verrigtinge in die Paul Kruger kerkzaal van die Gereformeerde Kerk in Pretoria Sentraal, het begin met 'n aangrypende opvoering van 'n helderdaagtablo deur verskeie lede van die ANB onder leiding van mev. Rentia de Villiers.

Terwyl 'n skyfievertoning met hoogtepunte uit die lewe van pres. Paul Kruger op 'n groot skerm vertoon is, het die tablo op die verhoog afgespeel. Dié tablo het die verhaal van Kruger se lewe en sy helderdaad uitgebeeld, maar dit het die gehoor ook weer onder die indruk gebring van Kruger se nederigheid en sy besondere standvastige en opregte geloofslewe.

Mnr. Johann Grobler, voorsitter van die ANB, het gaste daarna met sy feesrede herinner aan die belangrikheid van 'n dag soos Helderdaag. Hy het daarop gewys dat ons as Afrikanernasionaliste 'n verantwoordelikheid het om hierdie dag te vier en die boodskap van ons volkshelde se helderdaad aan ons kinders oor te dra.

As ons hierin ons plig versuim, sal ons nageslag die geskiedenis by ons vyand leer, het mnr. Grobler gesê. Daardie geskiedenis wat die vyand vir hulle sal leer, sal egter 'n verdraaide geskiedenis wees en dit sal ons nageslag vir ewig vervreem van hul trotse heldedom.

Hulle sal byvoorbeeld leer dat die Britte se verderflike konsentrasiekampe van die Tweede Vryheidsoorlog "liefdadigheidsinrigtings" was. Mag ons byvoorbeeld toelaat dat die waarheid oor die uitsonderlike heldemoed van ons vroue en kinders in daardie kampe, asook die Britte se barbaarsheid teenoor ons volk, ooit verdraai word? Mag ons toelaat dat daardie geskiedenis, wat ons volk se besondere karakter gevorm het, omgedop word ten gunste van die lafhartige Britte?

Mnr. Grobler het enkele helde uit die geskiedenis uitgelig om te bewys dat die Afrikanervolk werklik met helde kan spog wat met die heel grootstes in die wêreldgeskiedenis vergelyk kan word. Militêre helde soos genl. Christiaan de Wet en Koos de la Rey, asook kapt. Danie Theron staan byvoorbeeld uit vir hul helderdaad tydens die Tweede Vryheidsoorlog en hulle is almal reg oor die wêreld vereer en bewonder vir hul moed, durf en vaardighede.

Dan is daar Jopie Fourie wat as beginselvaste Afrikaner bereid was om aan die hand van sy eie volksgenote te sterf eerder as om sy beginsels prys te gee en saam met die Britse troon teen Duitsland te veg.

Daar was ook staatsmanne soos pres. Paul Kruger en dr. HF Verwoerd, wat selfs by hul grootste vyande eerbied en respek afgedwing het met hul standvastigheid, hul helder visie en hul koersvaste leiding in tye van internasionale aanslae op hul volk.

Maar daar is ook die minder bekende helde, het mnr.

(Vervolg op bl. 8)



(Bo) Die ANB se Helderdaagvieringe in Pretoria het begin met 'n aangrypende tablo oor die lewe van Paul Kruger, wat ingelei is deur 'n groep kinders wat met die Transvaalse Vierkleur en die Vrystaatse vlag na die verhoog van die saal gemarsjeer het.

(Links) Mnr. Johann Grobler, voorsitter van die ANB, het die feesrede gelewer by die ANB se Helderdaagvieringe.

ANB NUUSBRIEF KOMMENTAAR

Posbus 293, Ferndale, 2160

e-pos: Nasionalis@vodamail.co.za

Die regime se "cowboys en crooks" speletjies

Toe die polisie sewe jaar gelede die eerste manne in hegtenis begin neem rondom die sogenaamde "Boeremagsaak", het daar onmiddellik baie vrae ontstaan oor die staat se bona fides in die saak.

Aanvanklik is meer manne destyds in hegtenis geneem en daar is onmiddellik begin om persepsies in die massamedia te skep dat dié manne almal by "terrorisme" en "hoogverraad" betrokke was.

Daar is beweer dat sommige van die manne wat aanvanklik in hegtenis geneem is, "onwettige wapens en ammunisie" in hul besit gehad het. Later, toe 'n paar van hulle skotvry uit die hof gestap het, het dit bekend geword dat die klagtes van die besit van "onwettige wapens en ammunisie" verband gehou het met belaglikhede soos 'n enkele koeël van 'n .22 kaliber geweer wat in 'n man se besit gevind is, nadat hy vroeër saam met vriende voëls gejag het.

In 'n ander geval is 'n man as "gevaarlike terroris" gebrandmerk oor 'n gebruikte silinder van 'n kanonkoeël wat hy as ornament in sy huis gerangskik het, nadat hy dit as aandenking van die bosoerlog in Angola saamgebring het.

Dit is nou reeds byna agt jaar later sedert die eerste inhegtenisnemings rondom die "Boeremag"-saak. Behalwe vir een man wat (onder baie bedenkbare omstandighede) somers vroeg "skuld erken" het en redelik lig gevonnissen is, kon die staat nog nie enigiets teen 'n enkele "Boeremag"-beskuldigde bewys nie. Dié saak duur steeds voort, hoewel dit voorkom of absoluut geen vordering gemaak word daarmee nie. Al hoe meer waarnemers raak oortuig daarvan dat hierdie saak waarskynlik een van die grootste foefies in die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis kan wees.

Sedert die begin van die "Boeremagsaak" het die media gereeld moeite gedoen om elke moontlike saak waar sogenaamde "regse" Blankes gekoppel kon word aan oorlogspraatjies, sabotasie of opstand teen die staat met groot fanfare as belangrike nuus aan te bied. Telkens het hierdie stories 'n stille dood gesterf as dit later duidelik word dat dit 'n storm in 'n teekoppie was wat gewoonlik absoluut niks met die "regse" politiek te doen het nie.

Die nuutste voorval in hierdie verband is die inhegtenisname van komdt. Willem Ratte en verskeie jong Blanke mans op 'n plaas in Balmoral, waar tegniese opleiding en opheffingswerk onder Blankes gedoen word.

Toe die inhegtenisnemings plaasvind, het die massamedia histories geraak oor die jongste fonds van "regses" wat glo "onwettige wapens" bymekaargemaak het, "dwelms verkoop het" en, les bes, glo alweer voorberei het vir "oorlog". Nog 'n rits ander sappige aantygings is gemaak, wat dan met goedgekose woorde in die media as dramatiese nuus aangebied is.

By nadere ondersoek blyk dit toe dat die hele saak eintlik een groot bol wind is en dat die polisie 'n doodgewone saak van huishoudelike twis totaal uit verband geruk het. Al die manne, behalwe Ratte self, is op waarskuwing vrygelaat (let wel, sonder enige borg) en die kans is goed dat die saak nooit verder as hierdie eerste fase sal kom nie.

Komdt. Ratte het weer bewys dat hy 'n man is wat by 'n beginsel kan staan. Hy weier om vir borg aansoek te doen, omdat hy glo dat hy geen misdaad gepleeg het nie. Hy is skynbaar nie bereid om 'n spelel te word in 'n saak waar die polisie wéér vir die paviljoen gespeel het en nou duidelik gekke van hulself gemaak het nie. Om dié rede het Ratte op 'n eetstaking gegaan en dit sal interessant wees om te sien hoe ver hy dié saak sal druk om vir eens en altyd die regime en die massamedia se siek speletjies met die "regse" politiek oop te vleek.

Ratte verdien hierin die ondersteuning van alle opregte Afrikanernasionaliste.

Volgehoue verraad van die Afrikaanse media

Hierdie nuusbrieff het onlangs kommentaar gelewer oor die ANC se planne met 'n "mediatribunaal" wat as waghond teen die media in Suid-Afrika moet optree.

In beginsel sal elke opregte Afrikanernasionalis sekerlik saamstem dat die ANC se planne 'n ernstige bedreiging inhou vir die vrye vloei van inligting in ons land.

Tog kan 'n mens nie anders as om soms met woede te reageer as die massamedia blatant daarop uit is om die waarheid te verdraai of om mense te beïnvloed om verregaande opinies as die waarheid te publiseer nie. Dan wonder 'n mens wat nou eintlik die slegste scenario is – 'n regime wat alle inligting beheer, of 'n media wat só vry is dat hulle byvoorbeeld met die Afrikaner se geskiedenis kan spot, sonder dat daar 'n manier is waarop hulle tot verantwoording geroep kan word.

Op die 10de Oktober vanjaar, met die viering van pres. Paul Kruger se verjaardag, het die Afrikaanse Sondagkoerant *Rapport* 'n artikel gepubliseer deur ene Carié Maas, wat enige Afrikanernasionalis se bloed sou laat kook.

Maas maak op subtile wyse lasterlike aantygings teen Kruger. Selfs die grafiese voorstelling wat die koerant van Kruger gemaak het om by die artikel te gebruik, stel dié groot Afrikanerheld voor as 'n gek.

In die artikel het Maas al die ou skinderstories, wat meer as 'n eeu gelede al deur Kruger se vyande opgerakel is, gaan afstof om hom te probeer voorstel as iemand wat inderdaad 'n korrupte leier was. Beskuldigings van nepotisme, selfverryking en die vermorsing van staatsgeld word afgewissel met 'n voorstelling van Kruger as skyn-heilige mens wat die Bybel misbruik het om sy eie konkelwerk toe te smeer.

Net om die laaste bietjie gif uit haar pen behoorlik op die gemoed van die vuisvoos leser van *Rapport* te laat inwerk, maak Maas die subtile beskuldiging dat Kruger vere gevoel het vir sy bejaarde siek vrou, Gezina, wat in ellende op nuus van hom uit Europa gewag het toe hy aan die einde van die oorlog daarheen is om hulp te gaan soek. Maas se voorstelling is dié van die ou president wat blaak in die gasvryheid van sy Europese gashere en terwyl sy vrou in ellende in Suid-Afrika sit, hou hy en sy spandabelrige kinders heerlik vakansie in Frankryk en Switserland.

Hierdie enkele voorbeeld van roekelose misleiding en die selektiewe misbruik van historiese feite laat 'n mens weer besef dat die grootste vyand van Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika vandag waarskynlik nie die kommunist self is nie, maar eerder die hanskakies en verraaiers wat met hul Afrikaanse name en in die Afrikaanse taal skaamteloos teen hul eie erfenis en teen hul bloed veg ten bate van ons meer ooglopende vyand.


Dit laat 'n mens ook weer besef dat die stryd van Afrikanernasionalisme dringend weer 'n spreekbuis nodig het. Ons kan nie langer toekyk hoe die bestaande Afrikaanse media toegelaat word om hul monopolie te misbruik ten koste van die mense wat hulle juis gehelp het om in hul magsposisie te kom nie.

Op die korter termyn moet hierdie tipe verraad egter ook aangespreek word. Afrikaners was onlangs gou om 'n aksie teen ABSA te begin oor rassekwotas in rugby. Dít is opsigself nie 'n slegte ding nie. Maar waarom kan dit nie verder gevoer word nie? Waarom kan daar nie boikot-aksies teen Afrikaanse media-instansies begin word wat steeds geen respek toon vir die Afrikaner, sy geskiedenis en sy kulturele erfenis nie.

Dit is seker onprakties om te verwag dat een man, soos Danie Theron destyds met die redakteur van *The Star* gemaak het, die redakteur van 'n koerant wat sulke roekelose propaganda publiseer met 'n paar taai klappe gaan reg sien. Maar niks verhoed ons as Afrikaners om hierdie arrogante anti-Afrikaner publikasies, wat nogal in ons eie taal gepubliseer word, simbolies 'n paar houe toe te dien daar waar dit hulle die seerste maak nie...

ANB SE HELDEDAGVIERINGE IN PRETORIA IN BEELD

DIE ANB se suksesvolle Hieldedagfees in Pretoria was 'n dag wat nog lank onthou sal word deur almal wat dit bygewoon het. Op hierdie blad bring ons die dag in herinnering met 'n paar foto's oor die dag se gebeure.



Mnr. Carel van der Grijp, ondervoorsitter van die ANB (links) en sy vrou, Lorraine, saam met hul seun, Willie, in aksie tydens die tablo oor die lewe van Paul Kruger.



Een van die hoogtepunte op die ANB se heldedagviering was die vertoning van mnr. Johan du Toit, 'n puik tenoor wat die gaste met sy kragtige sangstem vermaak het.



Mev. Rentia de Villiers, skrywer van die tablo oor die lewe van Paul Kruger, in aksie op die verhoog.



Hierdie kinderkoor, wat 'n groot gunsteling was by die gehoor, het die program tydens die tablo oor die lewe van Paul Kruger afgewissel met die sing van verskeie bekende volksliedere.



Ds. Boeta Erasmus (links) en sy vrou, Rentia (regs) het ook deelgeneem aan die tablo oor die lewe van Paul Kruger. Rentia het die gehoor met haar sopraanstem vermaak.



Na afloop van die formele verrigtinge op die ANB se Hieldedagviering in Pretoria het die gaste heerlik saamgekuier. Hier geniet mnr. Johan de Ridder en sy vrou, Suzette, die verversings.



Mnr. Gerhard van der Grijp, voorsitter van die Akasia tak van die ANB, aan die woord.

GENERAAL JBM HERTZOG: DIE REGTE MAN OP DIE REGTE TYD

Generaal JBM (Barry) Hertzog, Boeregeneraal, stigter van die Nasionale Party en Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika van 1924 tot 1939, word deur sommige beskou as een van die omstrede figure in die geskiedenis van Suid-Afrika. Dat hy groot foute gemaak het teen die einde van sy openbare loopbaan is gewis. Maar Hertzog was tog ook 'n unieke figuur in die Afrikanergeskiedenis. Omdat hy op die regte tyd ook die regte dinge gedoen het, het hy 'n enorme en deurslaggewende invloed gehad op die oorlewing van die Afrikanervolk en van Afrikanernasionalisme. **KOOS VENTER** kyk in hierdie artikel na die redes waarom Hertzog verdien om tog 'n regmatige plek in die heldegalerie van die Afrikanervolk te kry.

In die geskiedenis van die Afrikanervolk is daar 'n goue draad wat regdeur die afgelope 358 jaar loop. Daardie goue draad is die verhaal van die stryd van Afrikanernasionalisme. Langs die pad van hierdie geskiedenis het daar soms tye gekom waar hierdie goue draad baie amper geknip is. Dit sou natuurlik die einde van die Afrikaner as unieke volk in Afrika gewees het. Juis omdat Afrikanernasionalisme egter oorleef het en hierdie goue draad telkens deurgetrek kon word na 'n volgende geslag met nuwe leiers en nuwe helde, bestaan daar vandag steeds 'n Afrikanervolk.

In die moeilikste tye van ons volk se geskiedenis was dit telkens die optrede en handeling van 'n klein groepie standvastige en beginselvaste mense wat daarvoor verantwoordelik was dat die goue draad van Afrikanernasionalisme deurgetrek kon word na meer rooskleurige tye, wanneer dit makliker was om koers te hou.

'n Mens wil nie graag leiers met mekaar vergelyk nie. Maar 'n mens moet tog erken dat daar sommige tye in die geskiedenis was wat dit makliker was om 'n beginselvaste Afrikanernasionalis te wees as ander tye. Een van die heel moeilikste tye waarin die stryd van Afrikanernasionalisme lewend en aktief gehou moes word, was die era net na die afloop van die Tweede Vryheidsoorlog. Die man wat in daardie era en vir bykans drie dekades daarna as die belangrikste Afrikanerleier na vore getree het, was genl. JBM Hertzog.

Om Hertzog se latere lewe beter te verstaan, is dit belangrik dat 'n mens ook vlugtig na die eerste deel van sy lewe gaan kyk.

Hy is gebore op 3 April 1866 in die distrik Wellington in die Kaap as die vyfde seun en agtste kind in 'n gesin van twaalf kinders. Op sesjarige ouderdom neem sy vader, Albertus, die groot stap om die Kaap te verlaat en na Kimberley te verhuis op soek na besigheidsgeleenthede.

Dit is hier, tussen die mengelmoes van mense op die delwerye van Kimberley, waar die jong Barry se nasionalistiese gevoel die eerste keer geprikkel word. Hy is grootgemaak as diep gelowige en standvastige Afrikaner met Boere-beginsels. In Kimberley het hy en sy gesin vir die eerste keer te doen gekry met die meer humanistiese leefwyse van 'n mensdom wat, in vergelyking met sy eie opvoeding, roekeloos en sonder 'n werklike sin vir waardes geleef het. Dit het hulle gegrief, soos trouens ook vir ander eendersdenkende Afrikaners.

Die Hertzogs het nie lank in Kimberley uitgehou nie. Die gesin verhuis binne 'n paar maande na Jagersfontein, waar daar minder buitelanders onder die delwers was en waar die landelike Afrikanergees meer behoue gebly het. Albertus het hier, behalwe vir sy delwersbedrywighede, ook 'n slaghuys bedryf.

"Generaal" was ook "dokter"

In 1881 stuur Albertus vir Barry saam met drie van sy ander broers na Stellenbosch vir verdere studie, waar hy sy matriek aflê en later ook 'n BA graad verwerf. Barry wou daarna eers in die teologie studeer, maar besluit later om hom eerder in die regte verder te bekwaam. Hiervoor vertrek hy in 1889 na Amsterdam, waar hy drie jaar later sy doktorsgraad in die regte behaal. Hoewel hy in sy openbare lewe dus vir meer as veertig jaar as "generaal" Hertzog bekend was, kon hy met reg ook die titel "dokter" gebruik het.

As student het Barry reeds in volksake belanggestel en menige artikel oor nasionalisme, taal en kultuur die ontwikkelings rondom

die Boervolk in Transvaal en die Vrystaat is uit sy pen gepubliseer.

Terug in Suid-Afrika vestig hy homself in Pretoria, waar hy as advokaat in die Hooggeregshof praktiseer. Hier trou hy in 1893 met Mynie Neethling, sy groot liefde wat hy reeds in sy dae op Stellenbosch ontmoet het. Drie seuns is uit hierdie huwelik gebore. Een van hulle, dr. Albert Hertzog, sou later self diep spore in die Afrikaner volkslewe trap.

Twee jaar nadat hy teruggekeer het uit Nederland, in 1895, verhuis Barry en sy gesin terug na die Vrystaat, waar hy as 29-jarige jongman as regter aangestel word. Hier ontstaan ook 'n hegte vriendskap tussen hom en pres. MT Steyn. Dié gewilde Vrystaatse president was ook die man wat Hertzog as regsadviseur by die Vrystaatse burgers aanstel ná die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899.

In Junie 1900 word hy as 34-jarige jongman bevorder tot generaal en hy word een van die knapste en gewildste offisiere in die veld. Hy was klein en tengerig van postuur, maar hy was 'n goeie ruiter en teen die einde van die oorlog was hy as strateeg een van die uitblinker-offisiere in die guerrilla-fase van die oorlog. Sy dissipline, buitengewone wysheid en standvastigheid het respek by die burgers afgedwing.

Die oorlog het Hertzog, in wese 'n introvert en akademiese soort mens, ook in aanmerking gebring met 'n breër deel van sy volk. Dit het hom volgens waarnemers egter nog meer nederig gemaak. Dit het hom egter as leier laat uitstaan en hy het bewys dat hy met alle tipe mense kon werk. Hy was ontsteld oor die vernedering van sy volk en veral oor die verraad van sommiges. Maar hy het daar tussen die burgers in die veld vir eens en altyd besef dat hy in die wieg gelê is om sy talente en bevoorregte posisie te gebruik om namens sy volk vir hul regte te veg. Die oorlog het beslis 'n enorme invloed gehad op sy openbare lewe daarna.

Die Bittereinder

Teen die einde van die oorlog verteenwoordig Generaal Hertzog - teen sy sin - die Vrystaat by die Vrede van Vereniging as Assistent Hoofkommandant van die Boererepubliek.

Dit is hier, by die finale onderhandelings voor die ondertekening van vrede in Melrose-huis in Pretoria, waar Generaal Hertzog as regsgeleerde kophou en 'n belangrike skuif maak as volksverteenvoordiger. Die opskrif van die dokument met Engeland se voorwaardes, soos deur Milner en Kitchener aan die Boereleiers voorgelê, het aanvanklik gelees "*terms of surrender*". Dit was Hertzog wat heel eerste 'n pen opgeneem het en dié woorde doodgekrap het. Hy het dit vervang met "*terms of peace*", wat natuurlik 'n heel nuwe betekenis daaraan gegee het.

Hertzog was ook een van die ondertekenaars wat, soos generaals De Wet en De la Rey, teenoor mekaar gesweer het dat hulle die vredesdokument teken slegs op die voorwaarde dat hulle hul vryheid by die eerste en beste geleentheid in die toekoms sou terugneem.

Taal, onderwys en kultuur

Na die oorlog het hy onmiddellik gewys van watter stoffasie hy was. Hy is in 1904 'n professoraat deur die Universiteit van Leiden aange-

(Vervolg op bl. 5)

Generaal JBM Hertzog: Die regte man op die regte tyd (vervolg)

bied. Maar hy het verplig gevoel om in die Vrystaat aan te bly en leiding te help neem namens die verslane Boervolk. As die geskiedenis van die eerste agt jaar na die Tweede Vryheidsoorlog bestudeer word, kan 'n mens nie anders as om tot die besef te kom watter enorme invloed Hertzog gehad het in die suksesvolle stryd om te verhoed dat sy volk geheel deur die Engelse golf verswelg word nie.

Was dit nie vir die aktiewe stryd van Hertzog en ander Afrikanernasionaliste nie, sou daar waarskynlik nie vandag 'n Afrikanervolk bestaan het nie. Sonder hulle weerstand sou Milner se beleid van verengelsing waarskynlik geslaag het en sou Suid-Afrika se Blankes vandag waarskynlik almal Engels gepraat het.

Milner het presies gedoen wat die ANC (met die hulp van Brittanje en die Engelse wêreld, natuurlik) ook ná 1994 gedoen het. Hulle het veral gekonsentreer op twee aspekte in skole. Eerstens het hulle alles verengels en tweedens het hulle die land se geskiedenis probeer verander om hul eie saak te pas.

Net soos met die waarborge oor "groepsregte" in die "onderhandelde skikking" wat sedert 1994 in Suid-Afrika moes geld, het Milner hom min gesteur aan bepalinge van die Vrede van Vereeniging wat taalregte vir Hollandsprekendes in skole en howe gewaarborg het. Hy het onmiddellik 3000 Engelse onderwysers na Suid-Afrika gebring om in staatskole te kom werk. Dié onderwysers was nie Hollands magtig nie en op hierdie manier is kinders basies gedwing om in Engels onderrig te word.

As dit nie was vir die stigting van skole wat op die beginsel van Christelik Nasionale Onderwys (CNO-skole) aan Afrikanerkinders 'n alternatief gebied het, asook Hertzog se taalstryd wat by die onderwys begin het nie, was die Britte se finale slag dalk al voor die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 geslaan.

Toetrede tot die politiek

In 1904 tree Hertzog toe tot politiek as hooforganiseerder van die Orangia-Unie. Die situasie in Suid-Afrika verander ook drasties nadat Campbell-Bannerman se liberale party in Januarie 1906 in Brittanje oorneem. Skielik was daar 'n gaping vir die platgeslane Afrikaners en hulle begin al hoe meer deelneem aan die binnelandse politiek, weens Campbell-Bannerman se beleid wat selfregering in Britse kolonies bevoordeel het.

'n Jaar later keur die nuwe regering in Brittanje verantwoordelike regering toe aan Transvaal en ses maande later ook aan die Vrystaat.

In 1907 word Hertzog parlamentslid vir Smithfield. Hy word ook aangewys as Minister van Onderwys en prokureur-generaal van die Vrystaat onder Abraham Fisher as premier.

In sy hoedanigheid as Minister van Onderwys in die Vrystaat maak Hertzog sy eerste skuif as Afrikanerleier in die proses van die heropbou en oorlewing van sy volk. Hy proklameer 'n wet waarvolgens Hollands en Engels gelyke regte in staatskole sal geniet.

Op 1 September 1908 word sy onderwyswet van krag waarmee hy die Afrikanerkind via sy moedertaal op die skoolbanke van staatskole in die Vrystaat beskerm. Hierdie stap was ontsettend belangrik as die verloop van sake daarna bestudeer word. Hertzog word hierdeur die spreekbuis van 'n taalstryd, wat saam met enkele ander faktore nuwe lewe blaas in die nasionalistiese stryd van die verslane Boervolk.

Pro Afrikaans

Later het Hertzog die taalstryd 'n stap verder geneem toe hy openlik as voorstander van Afrikaans as nuwe taal vir die Afrikanervolk in die bres tree. Hy was immers as student in Amsterdam al 'n ondersteuner



Generaal JBM Hertzog in die fleur van sy lewe as jong advokaat en regter.

van 'n nuwe taal vir die nuwe volk wat in Suid-Afrika gebore is.

Daarna word hy voorsitter van die stigtingsvergadering vir die Afrikaanse taalgemeenskap in 1906. Hy tree ook op as versoener vir die voorstanders van die nuwe taal, Afrikaans, en die manne wat Hollands in stand wou hou in Suid-Afrika. In 1909 is hy stigterslid van die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.

'n Paar jaar later, in November 1911 word die Hertzogprys vir Letterkunde in Afrikaans ingestel as direkte gevolg van Hertzog se taalstryd. Dit het gebeur nadat Hertzog 'n lastersaak verloor het teen 'n afgedankte skoolinspekteur wat geweier het om sy wet oor gelyke taalregte in skole toe te pas. Na aanleiding van sekere woorde wat die generaal sou gebruik het oor hierdie saak op 'n politieke vergadering in Augustus 1910, is 'n lastereis teen hom ingestel. Toe hy die saak met koste verloor, het die generaal se Afrikaner ondersteuners in die Vrystaat geld begin insamel om sy kostes te dek. Sô mildelik is bygedra, dat sowat 1200 pond oor was nadat alle kostes betaal is. Hertzog het dié geld, wat in 1911

(toe die hofuitspraak gelewer is) 'n aardige bedrag was, onmiddellik aan die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns geskenk met die opdrag dat die rente daarop jaarliks as prys uitgelooft moet word om die beste Afrikaanse letterkundige werk te bekroon. So het hy skrywers en digters geïnspireer om in die nuwe jong taal te werk.

Vandag nog is die Hertzogprys vir Letterkunde die mees gesogde prys wat 'n skrywer jaarliks in Afrikaans kan verower.

Die Unie van Suid-Afrika

Na verskeie politieke verwikkelinge en onderhandelings met Brittanje het die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom. In dié bestel het Afrikaners indirek vir die eerste keer politieke beheer oor die hele Suid-Afrika oorgeneem.

Aanvanklik was daar harmonie onder al die Bittereinders van die oorlog wat skaars agt jaar tevore tot 'n einde gekom het. Mettertyd het dit egter duidelik geword dat generaals Botha en Smuts 'n al hoe meer pro-Engelse beleidsrigting inslaan, wat inderdaad verraad was teen die eed wat die Boeregeneraals by die Vrede van Vereeniging gesweer het om hul vryheid by die eerste en beste geleentheid terug te neem.

Hertzog het as Minister van Justisie in Botha se Uniekabinet gedien, maar hy het al hoe meer met sy leiers in die nuwe saamgesmelte Suid-Afrikaanse Party gebots. Die grootste struweling het gekom weens Hertzog se verset teen Botha-hulle se verengelsing, waardeur hulle die karakter en identiteit van die Afrikanervolk bedreig het. Botha se "eenstroombeleid" wou van die Afrikaner en Engelsman een volk maak, terwyl Hertzog jaloers gewaak het teen enige aanslag op die Afrikaner se taal- en kultuurregte.

Hertzog het geen geheim daarvan gemaak dat sy toekomsvisie vir die Afrikaners uiteindelijke selfregering beteken nie. Met sy beroemde toespraak by De Wildt, noordwes van Pretoria, maak hy sy leuse van "Suid-Afrika eerste" in 1912 bekend. Hierdie toespraak was die begin van die einde van Hertzog se pad saam met Botha en sy party. Hertzog word kort daarna uit die kabinet gelaat en in Januarie 1914 stig hy en sy volgelingen die Nasionale Party.

Nasionalistiese stryd verstewig

Die jaar 1914, wat begin het met die stigting van die Nasionale Party, word later ook een van die onstuimigste jare vir die Afrikanervolk

(Vervolg op bl. 6)

Generaal JBM Hertzog: Die regte man op die regte tyd (vervolg)

sedert die oorlog skaars 'n dekade tevore.

Toe die Eerste Wêreldoorlog in Europa uitbreek, besluit Botha en sy regering om saam met Engeland teen die Duitsers te veg. Veral die besluit om Suidwes-Afrika namens die Britse troon in te neem, was 'n bitter pil vir baie Boere wat lank nog nie die fisiese en geestelike letsels van die Tweede Vryheidsoorlog afgeskud het nie.

Toe generaal Smuts as Minister van Verdediging in die Botha-kabinet opdrag gee dat die rebel, Jopie Fourie, op 'n Sondag gefusilleer word, word rou wonde in die Afrikanergemoed oopgekras. Baie ander Bittereinders van die Vryheidsoorlog, waaronder genl. De Wet, is boonop soos kriminele tronk toe gestuur weens hul deelname aan die Rebelle van 1914. 'n Nuwe kloof tussen Afrikanernasionaliste en pro-Engelse Afrikaners het ontstaan wat vandag, byna 100 jaar later, nog nie herstel het nie. Intendeel, die diep ideologiese kloof tussen Afrikanernasionaliste aan die een kant en liberaliste en opportuniste aan die ander kant is vandag waarskynlik groter as ooit.

Hertzog was egter die nugter leier wat in daardie moeilike jare kopgehou het en die politieke stryd onveriddelik voortgesit het.

Na die dood van generaal Louis Botha in 1919 het generaal Jan Smuts oorgeneem as Eerste Minister van die Unie. Skaars drie jaar later, in 1922 skiet Smuts se regering weer op hul eie mense tydens die groot mynstaking van daardie jaar. Dít en ander flaters van die SAP-regering, wat gewoonlik verband gehou het met hul slaafse gekruip voor die koning van Engeland, het uiteindelik die Smutsregering in 1924 tot 'n val gebring.

Vooruitgang onder Hertzog as Eerste Minister

Skaars tien jaar nadat hy die NP gestig het, neem Hertzog en sy party die regering in 1924 oor met die hulp van die Arbeidersparty en hy word die nuwe Eerste Minister. Hierna volg 'n dekade van voorspoed en vooruitgang vir Suid-Afrika waarin Hertzog uiting gee aan sy beleid van "*Suid-Afrika eerste*".

Tot en met die uitbreek van die depressie van 1929, wat gevolg is deur die groot droogte van die vroeë dertigerjare, vind groot ekonomiese groei in Suid-Afrika plaas. Hertzog spreek die armblanke-vraagstuk daadwerklik aan en veral die uitbou van Suid-Afrika se Spoorweë speel hierin 'n groot rol. Wette word gemaak om blanke werkers te beskerm, terwyl daar steeds gestreef word na 'n regverdige oplossing vir vreedsame naasbestaan met ander volke en rasse.

In 1928 het Hertzog se regering een van die belangrikste wette in hul termyn in die parlement deurgevoer toe die wetsontwerp oor die Yster en Staal nywerheid suksesvol gepronkameer is. Dit was die begin van die eerste groot staatskorporasie in Suid-Afrika, genaamd die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industrie Korporasie Beperk (Yskor). Hierdie korporasie het eerstens die grondslag gelê vir verdere snelle nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika en tweedens 'n groot aandeel gehad in die geveg teen die armblankevraagstuk, omdat baie Afrikaners by Yskor 'n werk en inkomste kon kry.

Yskor het later 'n baken op die pad van Afrikanervryheid geword, omdat dit Suid-Afrika in staat gestel het om sy eie hulpbronne te benut en die Britse staalnywerheid se monopolie in Suid-Afrika gebreek het.

Ander aspekte wat 'n positiewe invloed op die ekonomie gehad het in die Hertzog-era tot 1939 was wetgewing om die land se padnetwerk te teer, die totstandkoming van die SAUK in 1936 en die markwet wat prysstabiliteit vir die landbou bring.

'n Eie vlag en volkslied

Die jaar 1928 was ook die jaar waarin Suid-Afrika die eerste stap sou neem om sy eie simbole te vestig, wat die land al hoe verder van die houvas van Brittanje sou verwyder.

Na 'n lang emosionele stryd is die nuwe Unievlag vir die eerste keer op 31 Mei 1928 as die nuwe amptelike vlak gehys. Dit het later egter 'n geliefde vlag in die Republiek van Suid-Afrika geword en dit is vandag nog die simbool van groot prestasies van die Afrikanerrepubliek van Suid-Afrika in die twintigste eeu.

In 1938, 'n jaar voor die einde van Hertzog se bewindsera, word *Die Stem van Suid-Afrika*, soos geskryf deur CJ Langenhoven, amptelik as die volkslied van Suid-Afrika aanvaar.

Die vreemde laaste dekade

Oor die laaste tien jaar van genl. Hertzog se lewe is daar al baie geskryf, gepraat en gewonder. Hoekom het hierdie groot Afrikanernasionalis in die woorde van die Malan-ondersteuners "*lou geword oor die Afrikaner se Republikeinse ideale*" en "*sekere Afrikaner-ideale afgewater om Smuts te troos*"? Sou sy drang om die Afrikaner en die Witman in Suid-Afrika te verenig oor taalgrense heen en onder een sambreel bymekaar te bring só groot wees dat hy perspektief verloor het en 'n adder soos Smuts vertrou het ten koste van Strydgenote soos Malan, Strijdom en ander suiwer nasionaliste? Hoe kón hy versoen met Smuts, die man wat by die Britte gekruip het en as verantwoordelike minister vir Jopie Fourie op 'n Sondag laat doodskiet het?

Op al hierdie vrae is daar nie regtig klinkklare antwoorde nie. As sy lewensverhaal egter deeglik bestudeer word, blyk daar egter wel 'n moontlike verklaring vir sy optrede te wees. Hy het skynbaar geglo dat daar reeds ver genoeg gevorder is met die strukture in die land om selfbeskikking, in watter vorm ookal, vir die Afrikaner te verseker. Hy het waarskynlik geglo dat maksimale eenheid en samehorigheid onder alle Blankes in die land – byna soos dit wat geheers het in die era van dr. Hendrik Verwoerd in die sestigerjare – wel in sy eie leeftyd al moontlik was. Hiermee het hy hom natuurlik misgis. So ook met die aspirasies en jakkalsstreke van Smuts.

Vir sy oordeelsfoute aan die einde van sy lewe het Hertzog baie duur betaal. TB Floyd skryf soos volg in sy boek, *Afrikanernasionalisme*, oor Hertzog: "*Nadat alles verlore was in 1902 het generaal Hertzog as leier van Afrikanernasionalisme opgetree. Hy het 'n nog groter taak as president Kruger op sy skouers geneem, en dit met 'n nasie wat tot in die stof getrap is... As generaal Hertzog volgehou het op die pad wat hy begin het, sou hy selfs groter as Paul Kruger uitgestyg het.*"

Dít is groot woorde, maar dit is waar, want sonder Hertzog en sy stryd sou daar vandag waarskynlik nie 'n Afrikanervolk gewees het nie. Ons sou waarskynlik 'n Engelse Blanke nasie gewees het met 'n kultuur verwant aan die Britte, byna soos die Blanke Nieu-Seelanders of die Australiërs.

Ons soek weer 'n Barry Hertzog

In retrospek, as daar teruggekyk word op die lewensverhaal van genl. JBM Hertzog, besef 'n mens twee dinge.

Eerstens, dat ons – miskien weens die ongelukkige wyse waarop sy openbare loopbaan geëindig het – nie aldag besef hoe deurslaggewend belangrik die rol van Hertzog was in die lewe van sy volk en ten opsigte van die behoud van die stryd van Afrikanernasionalisme nie. Tweedens, as ons die geestelike toestand van die volk in die era ná die Tweede Vryheidsoorlog vergelyk met die geestelike toestand van Afrikaner as volk vandag, besef 'n mens dat ons dalk vandag nie 'n De la Rey (militêr) of 'n Malan, Strijdom of Verwoerd (polities) nodig het om leiding te neem onder Afrikaners nie. Nee, ons het nou eerder weer 'n Barry Hertzog nodig, wat die Afrikaner uit die modder van vernederig ná al die verraad en misleiding van die afgelope 40 jaar kan optel. Ons het 'n man nodig wat, soos Hertzog, die kaf van die koring kan skei deur die volk te lei in 'n proses waarin ons weer ons trots en selfrespek, maar ook ons wil om te oorleef en weer vry en onafhanklik te wees, kan herstel.

Ons het nie nou rebelle en soldate nodig op die slagveld nie, want geestelik is ons verslaan en nie opgewasse of gereed vir 'n fisiese stryd nie. Ons het nou weer 'n Generaal JBM Hertzog nodig – 'n man wat weet hoe om te veg op die slagveld, maar ook 'n man met genoeg visie en insig om te besef dat daar eers, soos Jaap Marais dit gestel het, 'n "*proses van verinniging en veredeling*" moet plaasvind. Daaronder sal die goue draad van Afrikanernasionalisme geknip word en 'n wapenstryd sal dan in elk geval geen doel dien nie. ■

DIE VERHAAL VAN BOEREHELD, PIET POTLOOD

Die Tweede Vryheidsoorlog het 'n magdom Boerehelde opgelewer. Oor die algemeen is die heldedade van gewone burgers en manne wat nie offisiërsrange gehad het of leiersrolle gespeel het nie, nie algemeen bekend nie. Neem nou maar die verhaal van Piet Beukes oftewel Piet Potlood, 'n man wat groor dapperheid getoon het en vir baie belangrike heldedade verantwoordelik was. **LOUNEL DE VILLIERS** vertel meer in hierdie artikel.

Met die uitbreek van die tweede Engelse Oorlog was hy ongeveer 15 jaar oud. Niemand het geweet wie sy ouers was en of Piet Beukes sy regte naam was nie. Piet was maer en tingerig, tog het hy buitengewone krag en taaieheid besit en 'n wiskundige brein. Hy het in Potchefstroom gewoon by Carel Vlotsma.

Kort voor die uitbreek van die oorlog het Piet werk gekry as aflewerseun by 'n winkel. Hy het die gewoonte aangekweek om oral en altyd met 'n potloodstompie agter sy oor te loop. Dit is natuurlik waar die bynaam Piet Potlood vandaan gekom het.

Met die eerste besetting van Potchefstroom deur die Engelse, het die moedeloses onder die burgers die wapen neergelê. Hulle is toegelaat om huistoe te gaan nadat hulle 'n eed afgelê het dat hulle nie weer sou veg nie. Hulle wapens is verbrand, maar die lope en slotte het natuurlik niks oorgekom nie. Hierdie oorblyfsels het net daar bly lê en stil-stil minder geword.

Op 'n dag vertrek die Engelse weer en Boere in die omgewing, wat hulle doggehou het, kom die dorp binne. Hierdie Boere is onder bevel van generaal De Wet en hulle is nog reg vir die stryd. Van diegene wat voorheen die wapen neergelê het, sluit vyf-en-sewentig man weer by die kommando aan. Hulle is oortuig dat die eed wat hulle onder dwang afgelê het, nie bindend is nie. Maar vir die burgers is net vyftien wapens beskikbaar. Hoe nou gemaak?

'n Man genaamd Lubbe kom te voorskyn met een van die verbrande gewere met 'n halfverbrande kolf. Boonop is een van die Kaapse rebelle in die kommando, ene Labuschagne, baie knap met houtwerk. Gou gee hy vir die geweer 'n nuwe kolf. Natuurlik ontstaan die vraag waar die ander verbrande gewere heen verdwyn het.

Toe kom Piet Potlood met die mandjie patats vorendag. Hy het die gewere vir die Boere gebêre! Binne drie weke is vyf-en-tagtig gewere gereed vir gebruik.

Generaal de Wet se inspirerende woorde

Generaal De Wet kom ook die dorp binne en die herstelde gewere word baie trots aan hom oorhandig. Na sy toespraak roep hy vir Piet en sê: *"Piet, ek hoor dis jy wat vir ons die gewere gebêre het. Dit was 'n knap ding om te doen. Potchefstroom behoort trots te wees op sy seun!"* Hierdie woorde van generaal De Wet laat Piet se hart swel van trots. Skielik is sy houding nie meer die van 'n koulieke windhond nie, maar van 'n terriër voor 'n muisgat. Sy grootste begeerte is om weer sulke lof uit die mond van generaal De Wet te hoor.

Op 'n dag word Piet gevra om met 'n fiets na Boskop te ry en te laat weet dat die Engelse besig is om van Frederikstad af daarheen te trek. Hy ry tot by die Engelse laer en sien dat perderuiters van die laer af wegbeweeg. Op 'n ander paadjie, 800 tree van hulle af, volg hy hulle. Dan sien hy dat hulle 'n plaashuis wil omsingel. Piet besluit daar is net een plan en jaag reguit na die huis. Een van die Engelse wink vir hom, Piet maak of hy nie verstaan nie, wink terug, maar wat trap is Piet. Hulle dreig met die geweer, maar Piet trap die pedale dat die ketting sing. Met die eerste skoot kyk twee Boere uit en Piet skree dat die Engelse oppad is. Die Boere nael vir hulle perde, spring op en jaag onder die Engelse koeëls uit.

Die twee mans is lede van Danie Theron se Verkennerkorps en hulle moet rapporte aan generaal De Wet gaan oorhandig. Een van die Boere is Ben Pieterse wat nou na Danie Theron se dood 'n spesiale spioenasiediens op die been wil bring. Ben vra vir Piet of hy

deel wil wees van die spioenasiediens. Piet, die nuwe Piet in wie se ore generaal De Wet se woorde nog klink, antwoord dat hy grág die Boere wil help. Nadat Piet ingesweer is as spioen, neem hy Ben se raad aan en gebruik die koulieke windhond-houding as front.

Generaal De Wet vra tant Betta Zinn om die hoof van die spioenasiediens te wees en sy willig in. Tant Betta was toe ongeveer 60 jaar oud. Sy was afkomstig van 'n invloedryke, Engelsgesinde Kaapse familie wat baie geheg aan mekaar was. Maar syself was van harte 'n Boere-ondersteuner. Hierdie familie-gehegtheid het tant Betta gebruik as 'n skerm in haar werk vir die Republiek. Sy het aanhoudend vir hulle briewe geskryf, wat die sensor teen wil en dank moes deurlaat. In hierdie briewe het sy gekla dat die Britse offisiere haar sleg behandel, omdat sy van die Britse reg van *"freedom of speech"* gebruik maak. Haar familie het dan by lord Milner en die Britse Generale staf gekla. Uiteindelik was selfs die provoosoffisiere skrikkerig vir haar.

Piet Potlood die bobaas spioen

'n Groot Engelse mag beset Potchefstroom weer. Van hier af tree die Britte teen die hele Wes-Transvaal op, dus is dit vir die Boere belangrik om te weet wat hulle beplan. Na sy opleiding begin Piet om varkmis en groente te verkoop. Met sy miskarretjie en die verkoop van groente word Piet 'n bekende gesig in die Engelse laer. Met hierdie verskoning kan Piet die Britte goed dophou en inligting aan Ben Pieterse deurgee. Die inligting stuur Piet deur middel van briewe aan sy 'oom'.

Piet skryf oor muile en varke, perde en beeste. Soveel van hierdie, soveel van daardie. Soms is die woorde groot, soms klein. Sommige woorde leun vorentoe, ander leun agteroor. Elke woord en manier van skryf het 'n spesifieke betekenis. Met hierdie inligting word die Engelse planne talle kere gefnuik en die verowering van Wes-Transvaal vir ten minste 'n jaar vertraag.

Kort nadat die Britte weer die dorp ingeneem het, sê tant Betta vir Piet dat daar tienduiseend Mauser-patrone in die landdros se erf begrawe is. Hierdie patrone is in tien vyftigpond-kiste verpak en moet dieselfde nag verwyder word. Piet en 'n betroubare Boesman, graawe die patrone uit. Nou moet hulle die patrone ongesiens in die rietbos agter die Wesliaanse kerk kry. Gereelde Engelse patrollies in die strate veroorsaak dat hulle deur die erwe moet beweeg.

Gelukkig ken die twee al die erwe en weet waar is heinings, honde en ander gevare. By mevrou Jones is dit maklik, want sy is heeltemal doof. Baie versigtig deur oom Flippie Malherbe se erf, want uit dure ondervinding weet Piet dat die oom baie lig slaap. 'n Leë erf, dan straat toe, want in die volgende erf is die kwaaieste waghond in die hele dorp. Daar in die straat loop hulle die eerste patrollie raak en verdwyn in die sloot langs die erf tot die vyand verby is. Tienmaal is hierdie senutergende proses herhaal.

Maar met die laaste kis, net honderd tree van die Wesliaanse kerk af, hoor hulle 'n Engelse offisier vra: *"Maar Ovembu, waar is die spoke wat ons moet vang?"* Die antwoord was: *"Ek is seker ek het twee mense iets hiernatoe sien afdra. Hulle moet nou om die hoek kom."* Piet besef hierdie is die krisis...

Hy stuur die Boesman verder met die kis terwyl hy die aandag sal

(Vervolg op bl. 8)

Die verhaal van Boereheld, Piet Potlood (vervolg)

aftrek. Daarop vlieg hy weg en hardloop oor die straat. Onmiddellik knetter die gewere. Piet gee 'n skree en hardloop nog vinniger in die rigting van die moeras. Weer 'n sarsie, dan 'n gil van angs, 'n plons... en stilte. Die patrollie is onverrigtersake terug tente toe.

Ondertussen is Piet rustig oppad na sy huis. Dis hy wat gegil het, maar die plons wat gehoor is, was 'n stomp waaraan hy sy naglyn vasgemaak het.

Van die rietbos af neem Piet die patrone na sy otternes. Hierdie otternes het 'n opening in die rivierwal onder die wateroppervlak gehad wat gelei het na 'n ruimte bo die wateroppervlak, waar 'n mens kan lê en asemhaal. Hierdie ruimte, wat Piet baie vergroot het, het ook 'n opening gehad wat in 'n populierbos uitgeloop het. Die opening in die populierbos het Piet met opdrifsels baie netjies verbloem. Piet stoei alleen om die patrone in die otternes te kry, want hy wil nie die geheim van die otternes bekend laat word nie. Tien keer stap hy met 'n kis patrone op sy kop onderwater deur die rivier. Koud en vermoed klim hy in die bed en staan eers laat die volgende middag op.

Die volgende stap is om die ammunisie by Gegund se stroois te

ANB vier Hieldedag (vervolg)

Grobler uitgewys. Dit is mense soos die dapper en knap offisiere van die bosoerlog in Angola tussen 1974 en 1990.

Daar is ook die politieke leiers wat nooit die voorreg gehad het om staatsmanne te word nie, maar tog uitstaan as groot volkshelde. In hierdie kategorie staan die naam van mnr. Jaap Marais natuurlik uit. Mnr. Grobler het daarop gewys dat ons volk weer leiers sal moet oplewer as ons enige kans wil staan om te oorleef en weer vry te word. Maar ons weet ook, soos Jaap Marais ons geleer het, dat 'n volk wat in geloof lewe en sy ideale graad vir graad nastreef uiteindelik die oorwinning sal behaal. Dit, het mnr. Grobler gesê, is ons taak as Afrikanernasionaliste van vandag.

Met die volgende treffende woorde het mnr. Grobler afgesluit: *"Anderkant die vernedering van vandag en anderkant die herinnering van môre, roep die ongebore geslagte van jou en my kinders. Hulle roep tot ons as die skakel van dit wat agter ons lê. Hulle pleit: Moet ons nie laat losdryf van die erfenis van ons voorvaders nie. Bind ons aan hulle deur julle dade. Agter ons staan die siloeët van die voorttrekkervrou met haar kinders in velskoene. Daar staan 'n Boerekryger op sy perd met sy geweer. Daar staan ook 'n padwerker met sy pik en graaf. Of 'n mynwerker met sy staalhelm en versterkte stewels. En 'n boer met sy hande in die grond van ons land. Hulle sien ons vyand van vandag en hulle ken hom ook. Op ons vraende blik, knik hulle bevestigend. Die bloed van hulle wat gesterf het vir hierdie land roep ons. Dit roep na ons, terwyl die nageslag vir ons wink. Daarom mag ons die helde van die verlede nooit vergeet nie. En daarom dra ons die verantwoordelikheid om hulle stryd voort te sit tot die bitter einde."* ■

LETABA GELOFTEFEES

DATUM: 16 Desember 2010

PLEK: Fonteinplaas - NG Kerkkampterrein

TYD: 10:00

GELOFTEDIENS: Ds. Danie Booyens

GELOFTEREDE: Mnr. Carel van der Grijp

Kort oorsig van Geskiedenis, en die huidige stand van die volk, en samesang.

Vir nadere besonderhede en rigtingaanwysing skakel **Dirk Joubert** by **073 377 4622**.

kry. Na 'n week is Piet se planne agtermekaar. Tot hiertoe was die patrone in kiste, maar dit kan nie verder in kiste bly nie. Piet vra tant Betta om twintig seilbaadjies te maak. Elkeen het tien rye van tien sakkies elk romdom die lyf. Hierdie sakkies kan elkeen 5 patrone neem, dus kan 500 patrone op die manier vervoer word deur een man.

Verder het Piet 'n ooreenkoms met die kok wat vir die Britse offisiere kook. Hy verskaf gereeld aan die kok wilde dagga in ruil vir 'n blik konfyt. Hierdie ruiling vind altyd plaas agter die kombuis waar die dromme met kombuisafval staan. Hy kan later ure lank daar rondstaan sonder om agterdog te wek. Verder weet Piet dat die Engelse hul kombuisafval daagliks na 'Doppies' Bezuidenhout ('n verraaier) neem. Elke aand neem hulle vier vol dromme na sy plaas en bring vier leë dromme na die laer. Doppies gebruik die afval vir varkkos en voorsien vir die offisiere 'n paar gellings melk.

Intussen is Doppies se melknaturel een Sondag na Mapok se kraal ontvoer. Dus daag hy die Maandagoggend nie by die werk op nie. Doppies is natuurlik baie bly dat 'n ander een beskikbaar is, boonop vir 'n laer loon. Hierdie naturel is natuurlik in die Boere se diens. Met 'n ploegskaar merk hy een vol drom en een leë drom. Piet maak die baadjies vol patrone en elke oggend wanneer hy groente by die Engelse aflewer, draai hy daar tot hy 'n bandelier in die gemerkte drom onder die afval kan wegsteek. Dit hou natuurlik groot gevaar in en verg groot versigtigheid asook veel geduld.

Elke middag ontvang Doppies se nuwe melknaturel die dromme met varkkos. In die nag haal hy die bandelier uit, sit dit om, trek sy jas aan en stap na Gegund se stroois waar hy die patrone wegsteek. Met die bandelier beweeg die naturel by die Engelse patrollies verby na Gegund sonder om agterdog te wek.

Na drie weke het die Boere al die ammunisie van Gegund wegge- neem met 'n skotskar. Met fyn beplanning en nie sonder gevaar nie, is gekeer dat hierdie ammunisie in Engelse hande val.

In die boek genaamd Piet Potlood, geskryf deur Oswald Pirow, kan meer gelees word oor sy vindingrykheid en dapper dade. Hierdie jongman wat gelyk het of daar nie veel in hom kan steek nie, is 'n voorbeeld van wat mens kan uitrig wanneer die regte aanmoediging gegee word.

Soos generaal De Wet se woorde Piet Potlood aangespoor het tot groot dade, kan ons ook put uit ons geloof in God en uit die geskiedenis om te doen wat ons kan vir ons volk en ons land se behoud. ■

ANB KONTAK BESONDERHEDE

Indien u enige verdere inligting verlang kontak gerus enige van die ANB Dagbestuurslede.

- Johann Grobler (Voorsitter) - Tel (014) 763-3920
- Carel vd Grijp (Ondervoorsitter) - Tel 072 593-0491
- Emil de Villiers (Penningmeester) - Tel 083 417 7311
- Jannie Brink (Sekretaris) - Tel (011) 787-7895
- Faks (011) 787-8312
- Gerhard vd Grijp (Addisionele lid) - Tel 082 463-2125

Rig alle korrespondensie aan:

Die Sekretaris, Afrikaner Nasionalistiese Beweging
Posbus 293, Ferndale, 2160

e-pos: Nasionalis@vodamail.co.za

Webwerf: <http://anbsa.co.za>

DONASIES

Donasies is welkom en kan inbetaal word in die ANB se bankrekening by **Eerste Nasionale Bank**.

Rekeningnommer: **6207 397 999 3**

Thabazimbi. (Takkode **26 03 46**)